

Maandag 21 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 5

Fokusgedeelte: Openbaring 5:6

Die totale beheer oor die wêreld berus op die koningskap van die Lam

Toe Johannes na die "Leeu" toe kyk, sien hy Jesus daar staan met die merke en tekens van die kruisiging aan Hom. Dit was waar Hy as Lam geslag is, maar as Leeu oorwin het.

Daarom maak die Here dit baie duidelik dat die Lam wat daar staan, die almagtige God is. Hy het sewe horings. Horings is die simbool van mag. Dit beskryf Jesus as regeerder.

Sewe is die getal van volheid en volmaaktheid. Hy is dus God wat in sy ewige mag regeer. Daarby het Hy sewe oë. Die oë vertel dat Hy alles sien, en daarom alwetend is. Die sewe oë is terselfdertyd die sewe Geeste van God wat uitgestuur is oor die aarde.

Dit is die Heilige Gees wat met die getal sewe en ook nog in die meervoud beskryf word om die majesteit van God aan te dui. Dit sê God is in die Gees alomteenwoordig. Dit sê dat die Here Jesus en die Heilige Gees Een is, en dat Hy as sulks alomteenwoordig is.

Sing: Psalm 24-1:4

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)